

AFRIKAANS EN VEELTALIGHEID IN ONDERWYS
EN DIE GROTER SAMELEWING

Toespraak by die Kaapse Persklub deur Prof H Russel Botman,
Rektor en Visekanselier, Universiteit Stellenbosch

Gelewer by *The Wild Fig*, Mowbray, 23 Junie 2010

Dankie, voorsitter.

Goeie middag, dames en here. Good afternoon. Molweni.

Baie dankie vir die uitnodiging. Dit is goed om die geleentheid gegun te word om 'n paar gedagtes met u te deel.

Met so baie joernaliste hier teenwoordig, dink ek dis gepas om met 'n aanhaling van 'n koerantman te begin. In 1996, kort voor 'n gesprek op Stellenbosch oor Afrikaans, sê Ken Owen, voormalige redakteur van die *Sunday Times*, die volgende: “Afrikaners was nog altyd geneig om iets irrelevantes te doen” (Claassen et al, 2007).

Hopelik is vandag se gesprek oor die rol van Afrikaans in die onderwys en samelewing nie irrelevant nie. En by die Universiteit Stellenbosch dink ons allermins wat óns doen, is irrelevant – nóg ons taalbeleid, nóg ons bydrae tot die land en sy mense.

Voorsitter, soos ek aangedui het, sal ek oor Afrikaans en veeltaligheid in onderwys en die groter samelewing praat. Maar ek sou skat sommige van u stel ook belang in my siening oor die taaldebate op die Universiteit Stellenbosch (US). Ek doen my bes om u nie teleur te stel nie.

AFRIKAANS EN DIE SAMELEWING

Op een vlak verskil Afrikaans glad nie van enige ander taal nie – dit is in die eerste instansie 'n kommunikasiemiddel. Maar ons weet almal taal is veel meer as dit.

Oudpres. Nelson Mandela het dit as volg gestel: “As jy met 'n man praat in 'n taal wat hy verstaan, praat jy met sy verstand. Maar as jy met hom in sy eie taal praat, praat jy met sy hart.”

Volgens Stats SA is Afrikaans die derde grootste taal in die land ná Zulu en Xhosa. Afrikaans het 6,2 miljoen moedertaalsprekers en 10 miljoen tweedetaalsprekers.

En dit gaan oor meer as demografie. Afrikaans is belangrik vir die ekonomie omdat dit:

- 16% van die verbruikersmark besit;
- 28% van die koopkrag; en
- 32% van huishoudings met 'n inkomste van meer as R20 000 per maand.

Afrikaans is lank versterk deur die feit dat dit een van Suid-Afrika se twee amptelike tale was, naas Engels. Dít het verander met die land se oorgang na demokrasie in 1994 en amptelike status wat na 'n bykomende nege tale uitgebrei is.

Die bedoeling met die erkenning van meer van die land se inheemse tale was gedeeltelik om die aanbreek van 'n nuwe era van gelykheid en geregtigheid te simboliseer. Maar die bedoeling was

ook om tale en kulture te bevorder wat lank onder kolonialisme en apartheid op die rand geskuif is.

In werklikheid dink ek egter dat dit regverdig sou wees om te sê dat vir baie mense daar tot dusver nog nie genoeg gekom het nie van Suid-Afrika se verklaarde verbintenis tot veeltaligheid nie. Wat neig om in die praktyk te gebeur is dat Engels bo die land se ander amptelike tale verhef word.

Die onderwyssektor is geen uitsondering nie. Engels is meer algemeen in skole en tersiêre instansies as in die verlede. Afrikaans het minder prominent geword, en die land se ander inheemse tale is nog slegter daaraan toe.

Enersyds is dít ’n weerspieëling van die idee dat omdat Engels so ’n belangrike wêreldtaal is, ’n opvoeding in hierdie taal almal se lewenskans sal verbeter. Andersyds spreek dit van die onderontwikkeling van historiese swart skole en universiteite (“swart” word in die breedste sin van die woord gebruik), wat ’n nalatenskap van apartheid is.

Hoewel dit waar is dat vaardigheid in Engels bepaald voordelig in ’n geglobaliseerde wêreld is, is dit nie noodwendig so dat onderrig en leer uitsluitlik in hierdie taal moet plaasvind nie. Navorsing dui daarop dat moedertaalonderrig – veral in die grondslagfase – noodsaaklik is vir ’n leerder se algehele persoonlike en opvoedkundige ontwikkeling. Dít geld ook hoëronderwys. Dit verg ’n groot mate van vaardigheid in ’n taal om daarin ’n graad te behaal, wat ook al jou studieveld.

Afrikaans het ’n bietjie grond verloor, maar staan steeds redelik sterk as ’n onderrigmedium – beide op skool en universiteit – in vergelyking met ander inheemse tale. Daarvoor het hy sy vlak van ontwikkeling te bedank.

Die taal het in minder as ’n eeu gevorder van die skurk in die verhaal tot die held – vanaf geminagte “kombuistaal” tot volwaardige hoëfunksie taal met die vermoë om die mees gevorderde en ingewikkelde konsepte van die letterkunde, filosofie, wetenskap, regswêreld, handel, ens. op gelyke voet met die voorste wêreldtale te kan verwoord.

Afrikaans het egter ook in die ander rigting beweeg – van held na skurk. Die keerpunt het een koue wintersoggend in Junie 1976 gekom toe swart skoolkinders wat geprotesteer het teen die pogings van die Nasionale Party-regering om die “taal van die verdrukker” in hulle kele af te druk deur wit polisiemanne in Soweto platgeskiet is.

Mens sou dink dat dít voldoende was om swart mense van Afrikaans af te sit, maar dit sou ’n oorvereenvoudiging gebaseer op rassistiese stereotipering wees. Ten spyte van die Afrikanernasionaliste se beste pogings om die taal vir die volk te eien en dit van alle “donker invloede” te reinig, is daar steeds meer swart mense as wit mense wat Afrikaans praat.

UNIVERSITEITE EN AFRIKAANS

Die les van 16 Junie 1976 is dat taal nooit weer gebruik mag word om enigeen van geleenthede uit te sluit nie. Die les van 27 April 1994 is dat die land – en sy bates – ons almal toekom.

Dít is hoekom nie een van die voormalige wit en Afrikaanse universiteite – Stellenbosch, Pretoria, Potch, Vrystaat en Johannesburg – meer uitsluitlik wit en Afrikaans is nie. Elke swart

mens en elke wit mens, hetsy Afrikaans of Engels, het die reg om 'n Matie, Tukkie, Puk, Kowsie of Joburger te wees. En groter diversiteit doen dié plekke goed.

In my inhuldigingstoespraak in 2007 het ek gesê: “Ons kan slegs gelukkig voel oor billike toegang wanneer die dogter van die plaaswerker dieselfde toekomsgeleenthede het as die seun van die plaasboer”.

In ons deel van die wêreld is die kans goed dat dié dogter bruin en Afrikaans is – en boonop arm. As ons ernstig is in ons billikheidstrewing kan ons mos nie anders as om die Universiteit Stellenbosch ook haar tuiste te maak nie, of hoe?

Diegene wat spoke opjaag deur aan te voer Stellenbosch laat Afrikaans doodbloei, is verkeerd. Ons kan dit nooit doen nie – nie omdat ons verknog is aan die taal nie, maar gewoon omdat Afrikaanssprekendes deur die taal toegang tot hoëronderrig kry.

Hoëronderrig werk vooruitgang in die hand, so daar waar die behoefte aan ontwikkeling die grootste is, is hoëronderrig die nodigste.

'n Groot persentasie arm bruinmense op die platteland gaan onder armoede gebuk, maar ongelukkig is die deelnamekoers van veral Afrikaanssprekende bruin leerders aan hoëronderrig bitter laag. Trouens, dis die laagste van alle rasgroepe.

In die ouderdomsgroep 20 tot 24 jaar neem slegs 5% Afrikaanssprekende bruin leerders aan hoëronderrig deel. Die deelnamekoers vir swart leerders is 12%, vir Indiër-leerders 48% en vir wit leerders 57%.

Vir die US om Afrikaanssprekende bruin leerders te werf is nie 'n foefie om die rassamesstelling van sy studentekorps te verbeter nie. Dis ons morele plig.

Ons ervaring is egter dat suiwer enkelmedium Afrikaanse skole al minder raak. Die realiteit is dat bruin leerders al hoe meer Engels as huistaal het en as onderrigtaal kies.

Al hoe meer skole wat tradisioneel Afrikaans was, het parallelmedium of Engelsmedium geword. Afrikaans is nie meer die voorkeurtaal van bruin leerders in veral die voorstedelike areas nie.

Ons Sentrum vir Voornemende Studente besoek jaarliks ongeveer 250 skole, waarvan ruim 40% histories benadeelde bruin skole is. Die persentasie Afrikaanse bruin leerders wat vir universiteitstoelating kwalifiseer, is egter laag.

Wat doen ons aan hierdie probleme? Ons verleen bystand aan skole en ons staan ons studente by:

- Ons Eerstejaarsakademie is die eerste in sy soort in die land. In die Fakulteit Gesondheidswetenskappe alleen het die Akademie oor die afgelope drie jaar die eerstejaarslaagsyfer van 92% tot 96% verbeter.
- SciMathUS open toelatingsdeure vir studente uit benadeelde gemeenskappe wat nie aan die toelatingsvereistes voldoen nie, maar bereid is om baie hard te werk. Die 10-maande lange program het plek vir 100 studente per jaar.
- Ons verskaf ongeveer 300 beurse aan meestal bruin studente op grond van akademiese meriete.
- Ons is deur ons skolevennootskapprojek betrokke by 24 skole in die Stellenbosch-omgewing. Ons help onder meer met kapasiteitsbou van onderwysers en skoolhoofde

- Ons Afdeling Interaktiewe Telematiese Dienste beeldsind in samewerking met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement regstreekse lesings deur top onderwysers na 120 skole oor naweke. Hierdeur ontvang 14 000 Graad 12-leerders ekstra opleiding in ses skoolvakke. Die projek is so suksesvol dat ons reeds versoeke ontvang het om dit na die Vrystaat en die Oos-Kaap uit te brei.

AFRIKAANS EN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Die US is verbind tot die gebruik en volgehoue ontwikkeling van Afrikaans as akademiese taal in 'n meertalige konteks. Die US Raad het in November 2009 'n voorstel aanvaar vir die handhawing van 'n minimum voorgraadse aanbod van 60% in Afrikaans vir die afsienbare toekoms.

Laat ek dit baie duidelik stel: Stellenbosch bly 'n universiteit waar Afrikaans die hoofonderrigtaal is.

Die 60%-syfer is die minimum – nie die maksimum nie. Dit waarborg die posisie van Afrikaans in die voorgraadse leerplan en stel die Universiteit in staat om te kan sê dat 'n student by US voorgraads in sy moedertaal kan studeer, maar **met blootstelling aan Engels óók in die leersituasie.**

Ons kan nie Afrikaans in isolasie gebruik of beskerm nie. Afrikaans kan slegs beskerm word as dit beskou word as 'n taal tussen ander tale – 'n soort linguistieke ubuntu, dus. Dit wil sê, 'n taal is 'n taal deur ander tale.

Ons is nie so nie

Mense vergelyk ons dikwels met universiteite in ander lande – Nederland, Frankryk, Duitsland – waar eentalige universiteite in ander tale as Engels sterk staan. Dis egter soos om die spreekwoordelike appels met pere te vergelyk.

Suid-Afrika is nie 'n enkeltalige land nie. En die ironie is dat selfs in enkeltalige lande soos Nederland is “internasionalisering” al hoe meer 'n wagwoord in die hoëronderwys. Engels word toenemend gebruik om 'n diverse groep studente te akkommodeer.

Ons situasie is nie soos in België waar Vlaams in stryd met Frans is nie. Afrikaans is nie in stryd met ander landstale nie; Afrikaans soek 'n tuiste tussen Suid-Afrika se ander tale. Die taalstryd in België breek daardie land op. Ons het genoeg gehad van sulke verdeeldheid. Hier wil ons 'n nasie bou, en dis iets waarin meertaligheid 'n groot rol te speel het.

Taalbeplanning

Die Universiteit Stellenbosch bestuur taal op 'n verantwoordelike manier deur meertaligheid bewustelik aan te pak. Die US het waarskynlik die mees gesofistikeerde taalbeplanning van alle universiteite in die land. Gerekende kundiges gee ons erkenning vir ons taalbeplanning.

Ons praat nie net nie; ons doen. Ons bestee aansienlike hulpbronne aan taal – R27 miljoen vanjaar. Ek dink nie daar is nog 'n universiteit in Suid-Afrika wat soveel aan taal bestee as ons nie.

Aan die US bied ons goeie taalondersteuning. Die US se Taalsentrum is enig van sy soort in die land. Goeie steun word aan sowel dosente as studente verskaf om Afrikaans en Engels – en toenemend isiXhosa – as akademiese tale magtig te wees in ’n meertalige konteks.

Die drietalige sokkerterminologieboek wat ons Taalsentrum onlangs uitgegee het, is ’n voorbeeld van ons bydrae tot meertaligheid. Ander drietalige terminologieë in bv. Sielkunde, Sosiologie asook Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is ook al gepubliseer.

Dit is taal-ubuntu in werking – solidariteit tussen Afrikaans, Engels en isiXhosa, wat die sprekers van dié tale kan help verenig.

Ek rig namens Prof Leon de Stadler, Direkteur van ons Taalsentrum, ’n ope uitnodiging aan almal van julle om te kom kyk na al die opwindende dinge wat ons vir Afrikaans en meertaligheid doen.

Ek wil ook van hierdie geleentheid gebruik maak om die US daartoe te verbind om sy kundigheid tot voordeel van Suid-Afrika se inheemse tale aan te wend.

By die inhuldiging van ons Kanselier, dr. Johann Rupert, in Februarie het die Minister van Hoëronderrys en Opleiding, dr. Blade Nzimande, die ontwikkeling van Afrikaans vanaf sy nederige wortels tot ’n hoëfunksie taal “’n waarlik indrukwekkende historiese prestasie” genoem. En hy het ’n beroep gemaak dat die kundigheid wat in hierdie opsig ontwikkel is, vir die bevordering van inheemse Afrikatale gebruik moet word.

Die Universiteit Stellenbosch is reeds hiermee besig. Ek onderneem nou hier dat ons met hierdie pogings sal voortgaan.

SLOT

Ek was in 1976 ’n studenteraadslid aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK), waar die skokgolwe van Soweto ook vasgeslaan het. Ek het gesien wat die gevolge van ’n onregverdige taalbedeling kan wees, en daaruit ’n les geleer.

Toe ek 31 jaar later as rektor van Stellenbosch aangestel is, het ek die geleentheid gekry om saam met my kollegas te help verseker dat onreg reggestel word en geregtigheid seëvier.

Wat ons wil regkry is transformasie in Afrikaans. Op die spel is nie net taal nie, maar die opheffing van ’n ganse land en vasteland. Ons beskou Afrikaans as ’n taal wat hoop kan bied.

Die Universiteit Stellenbosch wil tot menslike ontwikkeling bydra. En op dié manier bewys ons vir Ken Owen verkeerd. Afrikaans is uiters relevant vir die land en sy mense – mits daar nie opnuut laer getrek word nie, maar uitgereik en ingesluit word.

Voorsitter, ek dink ek het vir eers genoeg gesê. Nou wil ek graag hoor wat julle te sê het.

Baie dankie.

VERWYSINGS

Claassen, G, Muller, P, Van Tonder, M. 2007. *Die groot aanhalingsboek*. Kaapstad: Human & Rousseau.